

## **Sing vooraf staande: Psalm 126:2, 3 (p. 623)**

- 2 Groot was u daad, en ons is bly. / U het gered, en ons in vry!  
Maar, HEER, u gunsvolk sit nou weer / in droefnis en ellende neer.  
Wil in u trou ons nooit begewe, / maar wend ons lot, laat ons herlewe,  
soos waterstrome in Suiderland / die veld laat juig na sonnebrand.
- 3 Wie wenend, onder leed en smaad, / die korrels uitstrooi van die saad,  
sal in die hoggehalmdde graan / eerlang verblyd die sekel slaan.  
Al wenend saai hy oor die akker; / maar vrolik word sy saagraan wakker.  
En eind'lik dra sy nyw're hand / die volle gerwe van die land.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 138:1, 2 (p. 670)**

- 1 'k Sal met my ganse hart, o HEER, / U loof en eer, u hoogheid huldig,  
en voor die gode in psalmgeklank, / U bring die dank, aan U verskuldig.  
Ek sal my neerbuig op u eis, / na u paleis, die oog na bowe.  
En om u guns en waarheid saam, / u heil'ge Naam eerbiedig lowe.
- 2 Hoe hoog is nou in elke oord / u Naam en woord omhoog gehewe!  
U het my siel, op sy gebed, / verhoor, gered, my laat herlewe.  
Die wêreldvorste sal, o HEER, / u grootheid eer in hoë tone,  
wanneer u woorde word gehoor / en aansweef oor hul wank'le trone.

## **Gebed**

### **Psalm 119:12, 13 (p. 589)**

- 12 Wend my oog van wat tog niks is, / maak my lewend in u weg;  
u belofte aan al u dienaars – / maak dit waarheid aan u kneg!  
Laat geen smaad my ooit oorval nie, / stort weer lewe in my gemoed  
uit u woord wat reg en waar is, / en 'n bron van alle goed.
- 13 Wees my goed na u belofte, / dat ek smaders tot hul spyt  
reg kan antwoord op hul smading / wat my Godsvrees my verwyf.  
Neem u woord nie uit my mond nie, / waar my hoop op is gebou.  
Dan getuig ek van u waarheid / wat ek graag wil onderhou.

**Skriflesing:** Jakobus 2:14-26; Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 24

**Kernvers:** Jakobus 2:22

**Jy sien dus dat sy geloof met dae gepaard gegaan het en dat dit eers deur dae volkome geword het.**

(Jakobus 2:22 AFR83)

## **Nederlandse Geloofsbelydenis**

### **Artikel 24: Ons heiligmaking en goeie werke**

*Ons glo dat hierdie ware geloof in die mens voortgebring word deur die hoor van die Woord van God en deur die werking van die Heilige Gees, dat die ware geloof hom wedergebore laat word en tot 'n nuwe mens maak, hom 'n nuwe lewe laat lei en hom van die verslawing aan die sonde bevry. Daarom is daar geen sprake van dat hierdie regverdigende geloof die mens vir 'n vroom en heilige lewe onverskillig sou maak nie; inteeendeel, hy sou daarsonder nooit iets uit liefde tot God doen nie maar slegs uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. Dit is daarom onmoontlik dat*

*hierdie heilige geloof niks in die mens tot stand sou bring nie; ons praat mos nie van 'n dooie geloof nie, maar van wat die Skrif noem 'n geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan (Gal 5:6), wat die mens beweeg om hom voortdurend te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het.*

*Hierdie werke is, as hulle uit die goeie wortel van die geloof voortspruit, goed en vir God welgevallig omdat hulle almal deur sy genade geheilig is. Tog geld hierdie werke nie vir ons regverdiging nie, want ons is deur die geloof in Christus geregverdig nog voordat ons goeie werke doen. Hulle sou anders mos nie goed kon wees nie, net so min as die vrug van 'n boom goed kan wees voordat die boom self goed is.*

*Ons doen dus goeie werke, maar nie om iets te verdien nie – wat sou ons tog kon verdien?*

*Veeleer is ons die goeie werke wat ons doen aan God verskuldig, terwyl Hy aan ons niks verskuldig is nie, aangesien dit Hy is wat in ons werk. Hy maak ons gewillig en bekwaam om sy heilige plan uit te voer (Fil 2:13). Laat ons daarom let op wat geskrywe staan: ‘... **wanneer alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen**’ (Luk 17:10). Tog wil ons nie ontken dat God die goeie werke beloon nie, maar dit is deur sy genade dat Hy sy gawe bekroon. Verder, al doen ons ook goeie werke, maak ons dit glad nie die grond van ons saligheid nie, want ons kan geen werk doen wat nie deur ons sondige natuur besmet en ook strafwaardig is nie. En al kon ons ook één goeie werk lewer, is die herinnering aan net een sonde vir God genoeg om dit te verwerp. Op hierdie manier sou ons altyd in twyfel verkeer, heen en weer geslinger sonder enige sekerheid, en ons arme gewete sou altyd gekwel word as dit nie op die verdienste van die lyding en sterwe van ons Verlosser steun nie.*

*Rom 10:17; Joh 5:26; Efes 2:4; Joh 8:36; Tit 2:12; Joh 15; Heb 11:6; 1 Tim 1:5; Gal 5:6; Tit 3:8; Rom 9:32; Tit 3:5; Matt 7:17; Rom 14:23; Heb 11:4; Gen 4:4; 1 Kor 4:7; Fil 3:13; Jes 26:12; Gal 3:5; 1 Tess 2:13; Luk 17:10; Rom 2:6; Open 2:13; 2 Joh 8; Rom 11:5 (6-7); (Efes 2:5); Jes 64:6; 1 Kor 3:11; Jes 28:26; Rom 10:11; Hab 2:4.*

**Tema:** Werk wat uit ware geloof spruit, is vir God goed en maak jou geloof volkome

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, daar is mense wat van die veronderstelling uitgaan dat geloof 'n privaat saak is en daarom het dit niks met ander mense te doen nie. Hulle het daarom nie nodig om hulle geloof sigbaar te maak in daad nie en hulle het ook nie nodig om die gawes wat hulle van die Here ontvang het tot nut van ander gelowiges aan te wend nie. Hierdie mense is van mening dat hulle maar alleen hoef te sê dat hulle glo en dan sal dit genoeg wees. Die ander mense moet dit so aanvaar of los, want die ander mense het in elk geval niks met hulle geloof uit te waai nie.

Baie van hierdie mense wat sê dat hulle geloof hulle privaat saak is, is baie maal ook die mense wat 'n mens weinig of nooit in die eredienste sien nie. Vir hulle het hulle geloof so 'n privaat saak geword dat hulle dit nie eers meer saam met ander mense wil beoefen en uitleef nie. Hulle wil nie eers meer saam met ander gelowiges God aanbid en loof nie. Maar nie almal wat sê dat geloof 'n privaat saak is, bly van die eredienste af weg nie. Daar is nog van hulle wat die eredienste bywoon of ten minste met ander gelowiges in aanraking kom, soos hierdie lidmaat van wie Jakobus in die eerste paar verse van ons gelese gedeelte praat.

Hierdie soort lidmaat van wie Jakobus praat is ook vandag in eredienste teenwoordig. Dit is daardie lidmate wat so ongemerk as moontlik by die kerkgebou inkom. Hulle kyk nie links of regs nie, want nou-nou moet hulle miskien iemand groet en word daar met hulle gepraat. Dus sorg hulle dat hulle so ongemerk as moontlik by die erediens opdaag, want hulle wil nie met hulle geloof by die ander lidmate betrokke raak nie. Hulle gaan sit op hulle gebruikelike plek in die kerkgebou, staar stip voor hulle uit, luister na die preek. En sodra daar *amen* gesê is, beweeg hulle so goue as moontlik uit die kerkgebou uit om die kortste pad kar toe te kry en weg te kom van die ander gelowiges af. By die ander byeenkomste van die gemeente sien 'n mens hulle nooit nie. Net so min besoek hulle ander gelowiges, want hulle wil nie met hulle geloof betrokke raak by ander mense nie. Hulle geloof is

immers hulle privaat saak en dit raak geen ander mens nie.

Geliefdes, dat geloof 'n persoonlike saak is, sal niemand van ons kan ontken nie. Ons glo en bely immers dat die Heilige Gees in die hart van elke uitverkore kind van God afsonderlik en persoonlik die ware geloof deur middel van God se Woord opwek. Deur middel van dié geloof wederbaar die Heilige Gees 'n mens. Waar 'n mens se hart en gesindheid dan eers op die duiwel gerig was en jy van begeerte gebrand het om te doen wat die duiwel wil hê, verander die Heilige Gees 'n mens se hart so drasties dat 'n mens se hart en gesindheid ná die wedergeboorte nou op God gerig is. Dan brand jy van begeerte om te doen wat God wil hê. Dit wil sê, die Heilige Gees maak van 'n mens 'n nuwe mens wat 'n nuwe lewe wil lei omdat jy bevry is van die verslawing van die sonde. Deur middel van die ware geloof dring die Heilige Gees 'n mens om hierdie nuwe lewe te lei. Jy wil nie meer soos vroeër leef nie.

Daarom is dit onmoontlik om te dink of te sê dat hierdie geloof wat die Heilige Gees in 'n mens opwek, sal maak dat jy onverskillig sou lewe. Omdat die Heilige Gees ons deur middel van die geloof Christus en al sy verdienstes aan die kruis laat omhels, is dit onmoontlik dat 'n verlore mens nie vroom en heilig sal lewe nie. 'n Mens wat deur die Heilige Gees daarvan oortuig is dat Jesus Christus ook vir hom persoonlik aan die kruis gesterf het en vrygekoop het van die sonde en die heerskappy van die Satan, sal ongetwyfeld sy ware geloof sigbaar laat word in dae van liefde.

Dit is inderdaad so dat almal van ons kan sê dat ons glo. Ander mense sal dit miskien sonder stamp of stoot aanvaar, want hulle kan mos nie in ons hart sien wat daar aan die gang is nie. Hulle sal mos nie weet of ons maar net voorgee dat die Heilige Gees ons wedergebore het en kinders van God gemaak het nie. En nie een van ons het die vermoë ontvang om te sien of die Heilige Gees aan die werk is in die harte van ander mense wat sê dat hulle glo nie. Maar nou lei die Heilige Gees ons vanaand sodat ons vir onself sekerheid kan kry oor ons geloof – glo ons werklik of is ons nie maar net besig om voor te gee dat ons glo nie?

Op weg na die sekerheid dat ons regtig die ware geloof het, vra die Here aan die begin hierdie indringende vraag:

**Wat help dit as iemand beweer dat hy glo, maar sy dae bevestig dit nie? Kan so 'n geloof mens red? (Jakobus 2:14 AFR83).**

As 'n mens maar net sê dat hy glo, maar sy geloof word nooit sigbaar in dae van liefde nie, moet 'n mens vra of dit die regverdigende geloof is wat die Heilige Gees in die mens se hart opgewek het. Is dit werklik die ware geloof waarmee die mens Jesus Christus en sy verdienste omhels? Of is dit maar net woorde – leë woorde – omdat die hart eintlik nie gevul is met die ware geloof nie?

Die voorbeeld wat Jakobus gebruik om hierdie leë woorde van 'n leë hart bloot te lê, is sprekend. In elke gemeente is daar 'n broer of 'n suster wat een of ander nood ly. Nou is daar 'n lidmaat wat hierdie broer of suster se nood raaksien, haar of sy klere is maar skamel en dag vir dag ly hulle honger. Die broer of suster wat die nood ly, merk op dat die ander lidmaat hulle nood raakgesien het. Dadelik wel die verwagting by hulle op dat hierdie lidmaat, gedryf deur liefde vir God, dan ook sy geloof in dae sal sigbaar maak. Maar al wat hierdie noodlydende broer of suster hoor, is dit:

**Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg (Jakobus 2:16 AFR83).**

Dit is 'n baie mooi geloofsgroet. Uit hierdie woorde en ander woorde van die lidmaat kan 'n mens hoor dat hy beweer hy glo, maar dit is net woorde. Daar is nie een enkele daad wat bevestig dat hierdie lidmaat se geloof eg is nie. En vir daardie noodlydende broer of suster is hierdie mooi woorde sonder dae van barmhartigheid 'n doodsvonnis. Ek sien jou nood raak, maar ek is nie bereid om myself bloot te stel nie. Ek wil nie by jou hartseer lewetjie betrokke raak nie. Gaan heen en trek jou

warm aan met wat jy nie het nie en eet genoeg waarvan jy in die hande kan kry.

Broers, susters en kinders, wie sulke mooi geloofswoorde uiter en dit nie bevestig met daade van liefde nie, moet homself afvra: Glo ek werklik? Wie werklik in God en in Jesus Christus glo, het 'n persoonlike verhouding van liefde met God. Dit is immers wat geloof is; dit is 'n verhouding van liefde met God. Maar die mens wat sonder geloof is, sal alles wat hy doen uit liefde vir homself doen. Hy deel nie met ander mense sy gawes nie, want hy is selfsugtig. Dit is mos sy geloof en ander mense het niks daarmee uit te waai nie, daarom is die gawes wat hy uit genade van God gekry het ook syne en gaan hy dit nie vir ander gelowiges aanwend nie.

As 'n mens se daade nie jou geloof bevestig nie, moet die rooi ligte begin flikker: Is my verhouding met God regtig 'n verhouding van liefde omdat God my eerste liefgehad het? As jou geloof nie sigbaar word in daade van liefde nie, is dit sonder meer dood. Jy het dan nie net meer 'n leë hart nie, maar 'n dooie hart, want die ware geloof is nie werklik daarin opgewek nie.

Maar 'n mens wat homself in 'n hoek gedryf voel, sal altyd die een of ander manier soek om daaruit te kom. En die mens wat kennis van God het en die genade van Jesus Christus ondervind het, gryp na die Bybel om homself en sy manier van lewe te regverdig. Paulus het mos die beeld van 'n liggaam gebruik om die gemeente te omskryf. Christus is die hoof en elke lidmaat is 'n hand of 'n voet of watter ledemaat ook al in die liggaam. Na aanleiding van hierdie beeld redeneer die lidmaat met Jakobus:

**Die een het die geloof en die ander het die daade** (Jakobus 2:18 AFR83).

Ek het die geloof ontvang en nie die gawe om daade van liefde uit te voer nie. Daarom kan en mag ek nie maak asof ek 'n ander ledemaat is as wat die Here my gemaak het nie. So kan ons egter nie redeneer oor die geloof nie, geliefdes. Die Here wys ons immers op die gevaar van hierdie drogredenasie.

**Goed**, sê die Here, jy sê dat jy die geloof ontvang het, **wys jou geloof wat sonder daade is** (Jakobus 2:18 AFR83). Wys jou geloof wat net uit woorde en geen daade bestaan nie. Geliefdes, as die Heilige Gees ons tereg wys, doen Hy dit met niks anders as met die Woord van God nie. Hy haal die bekende waarheid van Deuteronomium 6:4 aan, naamlik dat God een is, wanneer Hy vra:

**Glo jy dat daar net een God is?** (Jakobus 2:19 AFR83).

Ja, antwoord hierdie hardkoppige lidmaat, almal weet tog dat daar net een God is. En dit is nie al wat hierdie lidmaat weet nie. Hy weet ook dat Jesus Christus die Seun van die ewige God is. En hy weet ook dat Jesus Christus op Golgota aan 'n houtkruis gesterf het vir die onreg van die mensdom. Dit is goed en reg as 'n mens dit weet, want dit is immers die waarheid van God self.

Maar dan tref die Heilige Gees ons met 'n laagvat wat ons laat stik in die geloof wat net uit woorde bestaan.

**Die duiwels glo dit ook – en hulle sidder van angs** (Jakobus 2:19 AFR83).

Die duiwels weet inderdaad dat daar net een God. Hulle het Hom nog kort na hulle skepping gedien toe hulle nog goed was. En hulle het immers saam met die Satan teen Hom in opstand gekom. Hulle weet en glo ook dat Jesus Christus die Seun van God die Allerhoogste is. Die duiwels in die besetene van Gadara het dit self gesê, en hulle het gesidder van angs, want hulle weet dat God en Jesus die mag het om hulle in die ewige verderf te stort. Die duiwel het net 'n *weet*-geloof en nie 'n *daad*-geloof nie. Hulle weet en glo dat God bestaan, maar hulle wil hulleself nie aan Hom onderwerp nie. Daarom doen hulle net wat hulle wil – alles wat teen God se wil is. So 'n weet-geloof bring nie 'n verhouding van liefde met God tot stand nie; dit maak nie dat hulle God dien nie. Weet-geloof lei nie tot godsdiens nie, maar tot godsangs.

Sien u, broers, susters en kinders, hoe gevaarlik dit is om geloof net as 'n privaat saak te beskou wat

niks met ander mense te doen het nie. Dit beteken nie net dat 'n mens leë woorde uit 'n leë en dooie hart spreek nie. Dit beteken ook dat so 'n mens stadig maar seker besig is om in die voetspore van die duiwels te trap. Sy geloof wat net 'n weet-geloof is, gaan hom van godsangs laat sidder. Daarom is dit belangrik om 'n mens se geloof tussen ander gelowiges en teenoor alle mense uit te leef. Ons kan die Heilige Gees bid en smee dat Hy ons begelei en beheers om ons geloof in die Here in daade van liefde om te sit. Geloof wat 'n daad-geloof word, is egte godsdiens. Paulus skryf dit so:

**Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesentlike van die godsdiens wat julle moet beoefen** (Romeine 12:1 AFR83).

Die Heilige Gees vermaan ons nie net met die Woord van God nie, Hy leer ons ook die regte weg met die Woord van God. Uit die Skrif haal Jakobus dan twee gelowiges se lewens as voorbeelde aan dat ware geloof inderdaad tot uitdrukking kom in daade van liefde. Die eerste voorbeeld is dié van die geloofsheld Abraham. Die Heilige Gees het in Abraham die geloof opgewek. God het Homself aan Abraham bekend gemaak en terselfdertyd het die Heilige Gees saam met die vasstaande kennis van God ook die vaste vertrouwe in Abraham se hart gewerk. Abraham het in God geglo en God het hom deur middel van die geloof vrygespreek.

Tog moes Abraham nog self oortuig raak dat sy geloof in God eg is. Daarom het God hom op die proef gestel. Abraham en Isak moes die pynlike pad Moria toe aflê. Daar het Abraham getrou gedoen wat die Here hom beveel het. Hy het die altaar gebou, die brandhout reggepak en Isak vasgebind en hom op die altaar neergelê. Net toe Abraham die laaste deel van die opdrag wou uitvoer wat God hom gegee het, naamlik om vir Isak te slag, keer God hom. En God het vir hom gesê:

**Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie** (Genesis 22:12 AFR83).

Abraham se geloof in God het met daade gepaard gegaan – daade van gehoorsaamheid aan die God wat hy vertrou het. En, so sê die Here, het sy geloof eers deur die daade volkome geword. Sy geloof in God is vervul met daade van liefde teenoor God.

Nou kan iemand miskien redeneer, ja, maar Abraham was darem 'n geloofsheld. God het persoonlik met hom gepraat en hy het God se beloftes gesien waar word. Nee, geliefdes, so mag ons nie redeneer nie. Daarom noem Jakobus naas die geloofsheld ook die klein gestalte van Ragab, die prostituut uit Jerigo.

God het nie met haar so direk gepraat soos met Abraham nie. Maar wat sê sy vir die verkenners van Israel? Ek het die berig van die groot daade van die God van Israel gehoor. Sy het maar net gehoor dat God sy volk uit Egipte se slawerny verlos het, meer as veertig jaar vantevore. En jou werklik waar, hier is die volk van God op die drumpel van Kanaän om dit van God in ontvangs te neem. Deur middel van hierdie berig van die groot daade van God het die Heilige Gees die geloof in Ragab se hart opgewek. Sy het in God geglo en ook daarvan getuig. Ragab was oortuig dat die Here werklik die land Kanaän aan sy volk gaan gee, daarom het sy redding by die Here gesoek as Hy Jerigo in die hande van Israel gee. Maar dit het nie net by woorde gebly nie. Omdat sy in God geglo het, het sy ook daade van geloof gedoen. Sy het die verkenners van Israel in haar huis versteek in die wete dat sy doodgemaak kon word as die stadsbestuur van haar verraad uitvind.

En haar hoop op God se reddende hand het nie beskaam nie. Sy en haar hele familie is van die dood gered. Maar meer as dit, God het haar opgeneem in die voorgeslag van sy Seun wat mens moes word. Dit gaan dus nie oor hoe jy of ek uitstaan tussen die ander mense oor ons geloof nie. Dit gaan nie daaroor of jy 'n man of 'n vrou, 'n kind of 'n grootmens is nie. Wanneer die Heilige Gees die ware geloof met die Woord van God in jou hart opwek, sal jy nie anders kan nie as om daade van liefde te doen.

Mag die Heilige Gees elkeen van ons en die hele kerk van Christus so beheers dat ons gewillig en

bereid sal wees om aanhoudend ons geloof in God om te sit in daade van liefde. Sulke daade is vir God goed en aanneemlik. Laat ons doen wat God ons beveel. Want as ons geloof nie in daade van liefde sigbaar word nie, is die gevaar daar dat ons 'n leë en dooie hart het, dat ons maar net 'n weet-geloof het soos die duiwels wat sidder van angs vir God. Nog erger, wanneer ons beweer dat ons glo, maar ons bevestig dit nie met daade nie, maak ons asof God 'n leuenaar is, want ons beweer dat die Heilige Gees die geloof in ons harte opgewek het, maar dit word nooit gesien nie. Waar die Heilige Gees aan die werk is, sal elke ander mens dit sien. As jy sê dat jy glo, sal elke ander mens dit in jou daade bevestig sien.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 40:4, 5 (p. 205)

- 4 Net om u wil te doen soos in u Boek / die wonderskrif wat nooit vergaan –  
dit klaar van my geteken staan, / dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.  
Ek bied U hart en hande / in will'ge offerande – / al wat ek is en het;  
diep in my ingewand / waar liefde en ywer brand, / draag ek u heil'ge wet.
- 5 Nou sal ek u geregtigheid laat hoor: / daarvan in groot vergadering  
vryuit die blye boodskap bring, / uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.  
U trou wat nooit beswyk het, / u heil wat ons geblyk het, u guns oneindig groot –  
sal ek my hulde bring / in groot vergadering / van vriend en gunsgenoot.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
3 Maart 2013